# Graan SA Oggend Markkommentaar

| | DATUM 2017/08/17 | DATUM 2017/08/16 | | | + - WEEK GELEDE 2017/08/07 | | + - MAAND GELEDE 2017/07/17 | | + - JAAR GELEDE 2016/08/15 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Data | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data |
| DJIA-index | 22025 | 25.88 | 0.1% | 21999 | -0.3% | 22093 | 1.8% | 21638 | 18.2% | 18636 |
| Goud (Spot) | 1288.18 | 14.93 | 1.2% | 1273.25 | 2.4% | 1258.38 | 4.7% | 1230.71 | -4.3% | 1345.79 |
| Brent $/vat | 50.29 | -0.66 | -1.3% | 50.95 | -3.3% | 51.99 | 2.8% | 48.94 | 4.6% | 48.06 |
| 1 € / US$ | 1.1780 | 0.008 | 0.7% | 1.1703 | -0.1% | 1.1794 | 2.9% | 1.1453 | 5.1% | 1.1213 |
| 1 US$ / ZAR | 13.17 | -0.060 | -0.5% | 13.23 | -1.6% | 13.39 | 1.2% | 13.02 | -0.8% | 13.28 |
| Corn | R 1 825.03 | -92 | -4.8% | R 1 916.68 | *CBOT Corn Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Sep 12:00 the previous day | | | | | |
| Wheat | R 2 006.86 | -202 | -9.1% | R 2 208.47 | * CBOT Wheat Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Sep 12:00 the previous day | | | | | |
| Soybeans | R 4 411.27 | -44 | -1.0% | R 4 455.42 | * CBOT Soy Aug cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Aug 12:00 the previous day | | | | | |
| Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day) | | | | | | | | | | |
| Corn Sep 17 | 352.00 | -16.00 | -4.3% | 368.00 | -4% | 366.00 | -4% | 365.00 | -4% | 367.25 |
| Wheat Sep 17 | 419.00 | -40.00 | -8.7% | 459.00 | -8% | 454.00 | -15% | 494.00 | -14% | 488.25 |
| Soybeans Sep 17 | 921.00 | -5.00 | -0.5% | 926.00 | -3% | 949.00 | -6% | 985.00 | -5% | 966.75 |
| . | | | | | | | | | | |
| SORGHUM Dec '17 | 3170.00 | 0.00 | 0.0% | 3170.00 | 0.0% | 3170.00 | -0.1% | 3174.00 | | NA |
| WMAZ Spot | 1792.00 | -21.00 | -1.2% | 1813.00 | -1.5% | 1819.00 | -0.4% | 1799.00 | -56.3% | 4101.00 |
| WMAZ Sept 17 | 1814.00 | -23.00 | -1.3% | 1837.00 | -2.2% | 1855.00 | -1.5% | 1842.00 | -55.9% | 4114.00 |
| WMAZ Dec 17 | 1891.00 | -23.00 | -1.2% | 1914.00 | -2.2% | 1934.00 | -1.3% | 1915.00 | -54.2% | 4127.00 |
| YMAZ Spot | 1929.00 | -21.00 | -1.1% | 1950.00 | 0.2% | 1926.00 | 0.5% | 1919.00 | -37.6% | 3093.00 |
| YMAZ Sept 17 | 1951.00 | -22.00 | -1.1% | 1973.00 | -0.5% | 1960.00 | -0.6% | 1962.00 | -37.5% | 3123.00 |
| YMAZ Dec 17 | 2025.00 | -22.00 | -1.1% | 2047.00 | -1.0% | 2045.00 | -1.2% | 2049.00 | -36.3% | 3177.00 |
| SOY Spot | 4486.00 | -66.00 | -1.4% | 4552.00 | -2.7% | 4609.00 | -5.9% | 4768.00 | -29.8% | 6391.00 |
| SOY Sept 17 | 4511.00 | -71.00 | -1.5% | 4582.00 | -3.0% | 4650.00 | -7.0% | 4853.00 | -29.8% | 6425.00 |
| SUN Spot | 4690.00 | -5.00 | -0.1% | 4695.00 | -0.6% | 4720.00 | 0.8% | 4654.00 | -19.1% | 5799.00 |
| SUN Sept 17 | 4718.00 | -20.00 | -0.4% | 4738.00 | -1.4% | 4785.00 | -1.2% | 4775.00 | -19.2% | 5841.00 |
| WHEAT Spot | 4638.00 | 66.00 | 1.4% | 4572.00 | 2.6% | 4520.00 | 1.2% | 4585.00 | 14.0% | 4068.00 |
| WHEAT Dec 17 | 4044.00 | -62.00 | -1.5% | 4106.00 | -1.3% | 4099.00 | 5.0% | 3850.00 | -1.3% | 4098.00 |
| NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE | | | | | | | | | | |

**Markoorsig:** Die rand verhandel vanoggend teen R13.16/$ en het goeie ondersteuning gevind en verhandel sterker as die vlakke waarteen dit gister-middag met marksluiting verhandel het. Die nuutste kleinhandelaarsverkope syfer wat bekend gemaak was vir Junie, is gunstig met die kleinhandelverkope wat die grootste maandelike toename getoon het sedert November 2016. Die goeie groei in die kleinhandelverkope, sowel as beter data uit ander sektore, is positief en kan die land help om moontlik nog ʼn kwartaal van negatiewe ekonomiese groei vry te spring. Die land het twee agtereenvolgende kwartale ʼn negatiewe ekonomiese groeikoers getoon, wat die land in ʼn tegniese ressessie plaas. Die swak groeisyfer in die vorige twee kwartale kan tot ʼn groot mate toegeskryf word aan die lae verbruikers en belggersvertroue wat in die land gesien was, met minder as normale besteding en beleggings wat gemaak word gedurende tye van lae vertroue. Die graderingsgentskappe Moody's het ook weer gewaarsku dat die politieke onsekerhede in die land een van die grootste faktore is wat hulle dophou en wat die groei in die land belemmer. Die agentskap het gewaarsku dat die land moontlik verder afgegradeer kan word indien die land se staatsbeheerde maatskappye nie beter resultate begin toon nie en indien dit so afhanklik bly van reddingsboeie vanaf die Nasionale Tesourie. ʼn Verdere afgradering van die land se kredietstatus sal nadelig wees vir land en die ekonomie as geheel.

**Mielies:** Die mieliemark in die VSA het gister gemeng verhandel, maar het steeds effens laer gesluit. Die verliese in die mark was beperk, met die sojaboonmark wat gister sterker verhandel het en ondersteuning aan die mieliemark gebied het. Die mieliepryse in die VSA is onder druk met redelike goeie oeste wat verwag word sowel as hoë voorraadvlakke, ten spyte van die probleme met die weer en produksiekondisies wat vroeër in die produksieseisoen gesien was. Die mark was onder druk ten spyte van die gunstige syfers vanuit die etanolverwerkings wat gerapporteer was. Die etanolproduksie in die VSA het verlede week naby aan ʼn rekordvlak bereik, met die verwerkers wat geproduseer het om voordeel te trek uit die marges wat tans baie positief is. Die groot uitset van etanol het die pryse daarvan weer onder druk geplaas, wat die marges negatief beïnvloed. Die verwagtinge in die mark vir môre se weeklikse uitvoerverslag, is dat die weeklikse uitvoere laer behoort te wees as verlede week se syfers met meeste van die uitvoere wat verwag word om die nuwe seisoen verkope te wees. Die weersvooruitsigte in die VSA is ook tans meestal gunstig in die grootste mielieproduserende streke van die land en behoort die pryse onder druk te hou. Die pryse behoort ook verder onder druk te kom wanneer die stroop van mielies in volle swang in die VSA begin. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliepryse het gister meestal onder druk gekom en het laer verhandel vir al die kontrakmaande wat tans gelys is van beide wit- en geelmielies. In gister se weeklikse produsente leweringsverslag wat deur SAGIS bekend gemaak is, was die lewerings vir die week op 279 359 ton WM en 114 007 ton YM gerapporteer. Die totale lewerings vir die seisoen tot dusver is 14.34 miljoen ton wat ongeveer 89% van die oeskkattingsyfer opmaak.

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel na die inligting bekend gemaak is wat toon dat China ʼn kontrak geteken het om 3.8 miljoen ton Amerikaanse sojabone in te voer. Die September kontrak het byna onveranderd gesluit, terwyl die November kontrak effens hoër gesluit het. Daar was gister heelwat kopers in die Amerikaanse sojaboonmark en dit kon gesien word in die verhandelingsvolumes, alhoewel dit effens laer was as die volumes van die vorige dag. Die Amerikaanse sojaboon nuwe seisoen sojaboonverkope vind tans teen naby aan die stadigste tempo in 8 jaar plaas, met die goeie sojaboonproduksies wat hierdie seisoen in Suid Amerika gesien was en met groot uitvoervoorrade. Die Suid Amerikaanse mark plaas druk op die ander lande se uitvoere, met baie uitvoere wat vanuit Suid Amerikaanse lande gemaak word. Die verwagtinge vir die weeklikse uitvoerverslag wat later vandag bekend gemaak word, is dat die weeklikse uitvoere van sojabone laer as verlede week se vlakke behoort te wees en dit kan ook druk op die sojaboonmark plaas. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonprys het gister weer onder druk gekom en het laer gesluit vir alle kontrakmaande wat tans gelys is. Die mark het onder druk gekom met die pariteite vir die dag wat laer was as gevolg van die internasionale prys sowel as die wisselkoers wat versterk het deur die verhandeling. Die spotprys van sojabone verhandel tans teen die laagste vlakke sedert vroeg in Julie.

**Koring:** Die Amerikaanse koringmarkte het gemeng verhandel in gister se verhandeling. Die lentekoring het gister omgedraai vanaf die sterk negatiewe tendens en het met dubbelsyfers toegeneem met baie kopers wat die mark betree het. Die winterkoringmarkte het gister egter onder druk gekom en het laer gesluit. Die winterkoring het onder druk gekom met die weer wat gunstig is en reën wat voorkom in gedeeltes waar die winterkoring verbou word. Die reën wat tans daar voorkom is voordelig vir die grondvog voor die plantseisoen weer begin. Egipte het hulle tender van koring wat hulle wou koop volgemaak met swartsee koring uit die Oekraïene en Rusland met die swartsee koring wat aansienlik goedkoper is as die Amerikaanse koring, as gevolg van groot voorraadvlakke wat die pryse skerp onder druk hou. Die verwagting vir die nuutste weeklikse uitvoerverslag van die USDA, is dat die weeklikse uitvoere van koring naby aan verlede week se 465 382 ton behoort te wees en dit is ook in lyn met die tempo wat benodig word om by die jaarlikse USDA skatting uit te kom. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister gemeng verhandel met die spot maand kontrak wat sterker verhandel het, terwyl die ander kontrakte sterk onder druk gekom het. Die Amerikaanse koringmark het ook die afgelope tyd sterk onder druk gekom wat druk op die plaaslike pryse geplaas het. Die koring invoertarief was middel Julie laer getrigger tot op ʼn vlak van R379.34/ton, maar is nog nooit afgekondig nie. Die tarief het egter weer hoër getrigger vanaf daardie vlak en was verlede week getrigger tot en met R752.35/ton. Die tarief soos dit tans afgekondig is in die Staatskoerant en soos dit in werking is, is R947.20/ton.

**Plaaslike Markinsigte & Data:** www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za
**Internasionale Markinsigte & Data:** www.usda.co.za

***Opgestel deur*** *Michelle Mokone and Luan van der Walt/* ***Vir navrae, kontak****: Michelle@grainsa.co.za/Luan@grainsa.co.za*

Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

*Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.*